



NOTULE VAN 'N GEWONE VERGADERING VAN DIE UITVOERENDE BURGEMEESTERS-KOMITEE GEHOU IN DIE BANKETSAAL, MALMESBURY OP WOENSDAG, 11 MAART 2015 OM 15:00

TEENWOORDIG:

Uitvoerende Burgemeester, rdh T van Essen (voorsitter)
Uitvoerende Onderburgemeester, rdh M S I Goliath

Lede van die Burgemeesterskomitee:

Rdl M Rangasamy
Rdl R F van der Westhuizen
Rdl M van Zyl
Rdl W Wilskut

Ander raadslede:

Rdh N J A Rust

Beampes:

Munisipale Bestuurder, mnr J J Scholtz
Direkteur: Beskermingsdienste, mnr P A C Humphreys
Direkteur: Korporatiewe Dienste, me M S Terblanche
Direkteur: Elektriese Ingenieursdienste, mnr R du Toit
Direkteur: Finansiële Dienste, mnr K C Cooper
Direkteur: Ontwikkelingsdienste, mnr J T Steenkamp
Direkteur: Siviele Ingenieursdienste, mnr A J Botha
Bestuurder: Sekretariaat en Rekorddienste, me N Brand

1. OPENING

Rdl R F van der Westhuizen open die vergadering met gebed op versoek van die voorsitter.

2. VERLOF TOT AFWESIGHEID

Die komitee is voltallig.

3. VOORLEGGINGS/AFVAARDIGINGS/SPREEKBEURTE

3.1 VOORLEGGING DEUR SANParke AANGAANDE DIE WEST COAST BIODIVERSITY CORRIDOR INITIATIVE (15/1/4/1)

Me Karen Harrison noem dat die uitrol van die *West Coast Biodiversity Corridor Initiative* tot einde Mei 2015 geskeduleer is. Dit is belangrik om op hierdie stadium die uitkomst van die inisiatief met rolspelers te deel, met spesifieke verwysing na die implementering van die buffersone-strategie deur die Departement van Omgewingsake.

Me Harrison toon die Buffersone aan rondom die Weskus Nasionale Park. Klem word gelê op die voordele wat die integrering van 'n Nasionale Park by die ekonomie van die omliggende omgewing deur middel van 'n Buffersone inhou. Me Harrison noem dat dit belangrik is om komplementêre aktiwiteite tot 'n Nasionale Park binne die Buffersone aan te moedig ten einde sosiale en ekonomiese groei te bevorder. Dit is verder belangrik om die biodiversiteit van die areas buite die nasionale parke te beskerm.

3.1/...

Op navraag deur die Munisipale Bestuurder, noem me Harrison dat die Buffersone nie 'n beskermende gebied is wat ontwikkeling sal strem nie, maar dat aanverwante aktiwiteite tot die Nasionale Park, bv. omgewingsbewaring, toerisme, ens. ondersteun sal word.

Die Bestuurder: Beplanning, Boubeheer en Waardasies, mnr A Zaayman noem dat die insluiting van die Buffersone by die Ruimtelike Ontwikkelingsraamwerk omsigtig oorweeg sal word, aangesien daarteen gewaak moet word om prosesse van die Munisipaliteit te belas deur eers insette vanaf SANParke of die Nasionale Regering te bekom op grondgebruiksaansoeke.

BESLUIT

- (a) Dat kennis geneem word van die inhoud van die voorlegging deur me Karen Harrison van die *SANParks Rural Development Programme* aangaande die *West Coast Biodiversity Corridor Initiative* ;
- (b) Dat verder kennis geneem word van die aanbevelings aan die Uitvoerende Burgemeesterskomitee uit die voorlegging, naamlik:
 - (i) dat oorweging daaraan verleen word om die Buffersone van die Weskus Nasionale Park, waar van toepassing, as 'n gekontroleerde/natuurlike area by die Ruimtelike Ontwikkelingsraamwerk in te sluit as Doelwit 1 van die Strategie om die buffersones van nasionale parke by die breër ekologiese en sosiale landskap te integreer;
 - (ii) dat Swartland Munisipaliteit daartoe verbind sal wees om gemeenskapsgebaseerde natuurlike hulpbronbestuur en gemeenskapsbewaringsareas sal bevorder deur insluiting by die Geïntegreerde Ontwikkelingsraamwerk (GOP) en begrotings;
- (c) Dat verdere gesprekke met me Karen Harrison gereël sal word aangaande die moontlike insluiting van die Buffersone by die Ruimtelike Ontwikkelingsraamwerk, as sektorale plan tot die Geïntegreerde Ontwikkelingsraamwerk.

4. NOTULES

4.1 NOTULE VAN 'N GEWONE UITVOERENDE BURGEMEESTERSKOMITEE-VERGADERING GEHOU OP 11 FEBRUARIE 2015

BESLUIT

Dat die notule van 'n Gewone Uitvoerende Burgemeesterskomiteevergadering gehou op 11 Februarie 2015 goedgekeur en deur die Burgemeester onderteken word.

4.2 NOTULE VAN 'N PORTEFEULJESKOMITEESVERGADERING GEHOU OP 4 MAART 2015

[Regstellings oorgehou as prerogatief van die onderskeie komitees.]

5. OORWEGING VAN AANBEVELINGS EN SAKE VOORTSPRUITEND UIT DIE NOTULE

5.1 NOTULE VAN 'N PORTEFEULJESKOMITEEVERGADERING GEHOU OP 4 MAART 2015

5.1.1 ADMINISTRASIE EN FINANSIES

BESLUIT

Dat die Uitvoerende Burgemeester die aanbevelings in die betrokke notule bekragtig.

5.1.2 SIVIELE EN ELEKTRIESE DIENSTE**BESLUIT**

Dat die Uitvoerende Burgemeester die aanbevelings in die betrokke notule bekragtig.

5.1.3 ONTWIKKELING- EN BESKERMINGSDIENSTE**BESLUIT**

Dat die Uitvoerende Burgemeester die aanbevelings in die betrokke notule bekragtig.

6. SAKE VOORTSPRUITEND UIT DIE NOTULES**6.1 NOTULE VAN 'N PORTEFEULJEKOMITEESVERGADERING GEHOU OP 4 MAART 2015****6.1.1 ITEM 8.4: AANSOEK VIR 'N VERGUNNINGSGEBRUIK OP ERF 58, DARLING (15/3/10-3) (WYK 6)****BESLUIT**

Dat die item oorstaan.

6.2 NOTULE VAN 'N UITVOERENDE BURGEMEESTERSKOMITEEVERGADERING GEHOU OP 11 FEBRUARIE 2015**6.2.1 ITEM 7.3: AANVAARDING VAN SPORTBELEID (17/9/2/B)****BESLUIT**

Dat die item oorstaan ten einde alle rolspelers bymekaar te bring om, onder andere, die terminologie in die Sportbeleid reg te stel.

7. NUWE SAKE**7.1 HERSIENING VAN DIE 2012-2017 GEÏNTEGREERDE ONTWIKKELINGSPLAN (GOP) (2/1/4/4/1)**

Artikel 34(a) van die Wet op Plaaslike Regering: Munisipale Stelsels, 2000 bepaal dat 'n munisipale raad sy Geïntegreerde Ontwikkelingsplan jaarliks moet hersien.

Die Munisipale Bestuurder behandel die wysigings sedert Mei 2014 wat in die hersiening van die 2012-2017 GOP vervat is, soos gelys in die verslag tot die sakelys.

Die Hersiene GOP dien as basis vir die 2015/2016 jaarlikse begroting, die SDBIP en die prestasieplanne van die onderskeie direktorate.

BESLUIT (vir aanbeveling aan die Raad op 26 Maart 2015)

Dat die hersiening van die 2012-2017 Geïntegreerde Ontwikkelingsplan (GOP), asook die hersiening van die Areaplanne na die Raad vir goedkeuring as konsepplanne verwys word, waarna verdere konsultasie- en verfyningprosesse gedurende April 2015 gevolg sal word.

7.2 GOEDKEURING VAN DIE KONSEP MEERJARIGE KAPITAAL- EN BEDRYFS-BEGROTINGS VIR 2015/2016, 2016/2017 EN 2017/2018 (5/1/1/1-2015/16, 5/1/1/2-2015/16)

Artikel 16(2)/...

7.2/...

Artikel 16(2) van die Wet op Plaaslike Regering: Munisipale Finansiële Bestuur, 2003 (MFMA) bepaal dat die burgemeester van die munisipaliteit die jaarlikse begroting ten minste 90 dae voor die aanvang van die begrotingsjaar by 'n raadsvergadering ter tafel moet lê.

Die konsep meerjarige kapitaal- en bedryfsbegroting is ook in terme van die *Municipal Budget and Reporting Regulations, 2008* op 10 Maart 2015 aan die Begrotingsbeheerkomitee voorgelê.

BESLUIT (vir aanbeveling aan die Raad op 26 Maart 2015)

- (a) Dat die Uitvoerende Burgermeesterskomitee die konsep meerjarige kapitaal- en bedryfsbegroting in beginsel goedkeur, onderhewig aan die voorstelle van die Begrotingsbeheerkomitee, welke voorstelle nog verder verfyn moet word;
- (b) Dat die konsep meerjarige kapitaal- en bedryfsbegroting **onderskeidelik ten bedrae van en bronne van finansiering** as volg goedgekeur word:

		<u>Histories:</u>	<u>Tans:</u>
(1)	Kapitaalebegroting : 2014/2015	R 81 073 971	R
	Aansuiwerings Kapi- taalbegroting : 2014/2015	R	R 107 495 708
	Kapitaalebegroting : 2015/2016	R	R 83 668 908
	Kapitaalebegroting : 2016/2017	R	R 97 276 119
	Kapitaalebegroting : 2017/2018	R	R 73 083 472
(2)	Bedryfsbegroting :		
	Totale Inkomste : 2014/2015	R 477 648 231	R
	Aansuiwerings In- komstebegroting: 2014/2015	R	R 543 239 243
	: 2015/2016	R	R 544 063 665
	: 2016/2017	R	R 592 882 893
	: 2017/2018	R	R 620 982 765
	Uitgawe : 2014/2015	R 508 577 747	R
	Aansuiwerings Uit- gawebegroting : 2014/2015	R	R 558 781 947
	: 2015/2016	R	R 571 928 153
	: 2016/2017	R	R 611 392 716
	: 2017/2018	R	R 658 785 800
	Surplus/Verskil : 2014/2015	-R 30 929 516	R
	Aansuiwerings- Begroting : 2014/2015	R	-R 15 542 704
	: 2015/2016	R	-R 27 864 488
	: 2016/2017	R	-R 18 509 823
	: 2017/2018	R	-R 37 803 035

- (c) Dat kennis geneem word dat die begrotingsbedrae nie as finaal aanvaar kan word nie, aangesien publieke insette nog gedurende April 2015 gelewer kan word, maar dat daar gepoog word om ten minste nie af te wyk van die voorgestelde tariewe soos per aangehegte skedules nie;
- (d) Dat kennis geneem word:
- (i) dat die voorgestelde elektrisiteitstariewe soos voorgeskryf deur NERSA middel Maart 2015 aan lg. vir goedkeuring voorgelê moet word, en dat die Direkteur: Elektriese Ingenieursdienste hierna die navrae van NERSA hanteer in 'n poging om die voorgestelde tariefaanpassings te motiveer en, waar nodig, die betrokke tariefaansoek te wysig;

7.2/...

- (ii) dat verder kennis geneem word dat die Minister van Finansies 'n verdere heffing van R0.02 per kWh bykomend tot die normale aankoopprys van elektrisiteit wat deur Eskom verskaf word aan munisipaliteite in Suid-Afrika gemaak het. Dit is op hierdie stadium nie seker of die Minister sal besluit om hierdie bykomende heffing van R0.02 per kWh te implementeer nie. Dit dien verder gemeld te word dat 'n heffing van R0.035 per kWh reeds by die aankoopprys van Eskom ingesluit is wat deur munisipaliteite betaal moet word;
- (iii) dat op hierdie stadium daar geen voorsiening gemaak is vir die R0.02 per kWh wat neerkom op ±R3.826 miljoen nie, wat gebaseer is op die aankoop van 191 324 584 kWh soos begroot vir 2015/2016. As die Minister besluit dat hierdie heffing voor die aanvang van die nuwe finansiële jaar geïmplementeer moet word, moet die Raad in ag neem dat die verhoging aan die verbruiker oorgedra moet word. Indien die verhoging bekend word na die implementering van die 2015/2016 begroting, sal hierdie verhoging die Raad dwing tot 'n aansuiweringsbegroting wat teenstrydig is met artikel 28, paragraaf 6, van die MFMA, wat bepaal dat die Raad nie toegelaat word om tariewe te verhoog met 'n aansuiweringsbegroting nie;
- (e) Dat die Raad derhalwe, met verwysing na paragraaf (d), die voorgestelde elektrisiteitstariewe vir die 2015/2016 finansiële jaar goedkeur, gedagtig daaraan dat dit steeds onderhewig is aan NERSA se finale goedkeuring;
- (f) Dat die konsep kapitaal- en bedryfsbegroting ten aansien van die 2015/2016 finansiële jaar ingevolge artikels 16 en 17 van die MFMA in beginsel goedgekeur word, met inbegrip van –
- (i) Belasting;
 - (ii) Tariewe;
 - (iii) Projeksjies van kontantvloei (nou deel van Begrotingsformate);
 - (iv) Begrotingsverwante beleidsdokumente, naamlik:
 - Kredietbeheer- en Skuldinvorderingsbeleid (konsep beleid sal tydens die raadsvergadering ter tafel gelê word);
 - Tariefbeleid (konsep beleid sal tydens die raadsvergadering ter tafel gelê word);
 - Eiendomsbelastingbeleid;
 - Voorsieningskanaalbestuursbeleid (gewysigde beleid word in Mei 2015 via UBK voorgelê);
 - Kontantbestuur- en Beleggingsbeleid (word in Mei 2015 via UBK voorgelê)
 - (v) Konsep beleide in proses vir werkswinkel, naamlik:
 - Befondsing en Reserwe Beleid;
 - Skuld en Leningsbeleid;
 - Ongemagtigde, onreëlmatige of vrugtelose en verkwistende uitgawes;
- (g) Dat kennis geneem word dat die Bedryfsbegroting nie syfers insluit in terme van vaste- en werklike kapitaalbydraes en verkope van grond nie, ten einde die Direkteur: Finansiële Dienste in staat te stel om die tariewe met betrekking tot diensterekening te bereken;
- (h) Dit is met groot kommer dat die Raad kennis moet neem van die moontlikheid dat in die nabye toekoms, Weskus Distriksmunisipaliteit (WKDM) dalk van hul waterinfrastruktuur sal moet oordra na Swartland en die ander twee B-munisipaliteite (Bergrivier en Saldanhaabaai). Die twee grootste bekommernisse wat kan ontstaan met die instemming van die bankinstellings, is die oordrag van 'n eksterne lening vanaf WKDM aan Swartland, ten bedrae van R70 miljoen en toekomstige implikasies van die instandhouding van daardie oorgeplaasde bates (infrastruktuur).

7.2(h)/...

'n Groot kommer is dat die scenario hierbo, Swartland se vermoë verswak om in die toekoms lenings op te neem vir toekomstige kapitaalprojekte. Die Munisipale Bestuurder van Swartland is egter tans nog in gesprek met WKDM en die ander twee B-munisipaliteite (Bergrivier en Saldanha) sal ingesluit word om die pad vorentoe in hierdie verband te bespreek. Hopelik sal meer duidelikheid en besonderhede beskikbaar wees wanneer die 30-dae begroting in Mei 2015 ter tafel gelê word;

- (i) Dat, as gevolg van onvoldoende fondse, geen voorsiening gemaak kon word vir die delgingstekort met betrekking tot die oorvleueling van die delging van lenings na eksterne banke en die lewensduur van bates nie;
- (j) Dat kennis geneem word van die toenemende styging in personeelkoste, wat soos volg bedra:
 - (i) ten aansien van alle werknemers, uitgesluit die Munisipale Bestuurder en artikel 56-aanstellings, 'n verhoging gebaseer op die VPI van 4.4%. Onderhandelinge is tans nog in proses vir die volgende drie jaar se verhoging. Die Raad moet kennis neem dat daar vir 'n 7% verhoging begroot is vir 2015/2016, 'n 6% aanpassing vir 2016/2017 en 'n verwagte aanpassing van 6% vir 2017/2018;
 - (ii) ten aansien van die Munisipale Bestuurder en artikel 56-aanstellings, gebaseer op 'n markverwante verhoging wat jaarliks deur 'n professionele konsultant, Work Dynamics (*P E Corporate Services*) bepaal word. Die uitslag is nog onbekend en sal hersien word gedurende die 30-dae begroting;
- (k) Alhoewel die CFO en direkteure poog om rekeninge bekostigbaar te hou om finansiële volhoubaarheid te verseker, asook om die geloofwaardigheid van multi-jaar begrotings te verbeter, sal die gemiddelde verhoging op huishoudings vir die 2015/2016 finansiële jaar min of meer tussen 9% en 10% wees. Die volgende was hoofbydraers tot die hoër as verwagte toename:
 - (i) Eskom-verhoging van 14.24%;
 - (ii) die wesenlike tekort op die Water Handelsdiens;
- (l) Dat met verwysing na Hoofstuk 7 van die GOP, waar dit duidelik aangedui word van Swartland se goeie voorneme om sy infrastruktuur in stand te hou, is dit nou duidelik dat as gevolg van 'n gebrek aan kontant, baie min voorsiening vir die vervanging van roerende bates soos voertuie en toerusting vir ten minste die volgende drie jaar beskikbaar gestel kan word. Nodeloos om te sê, die CFO en Begrotingskantoor het individueel die begrotingsversoeke per lyn item hersien wat deur die Direkteur ingedien is, en is daar geen luukshede in hierdie voorgestelde begroting nie;
- (m) Dat daar **met groot kommer** kennis geneem word van die tekorte in die Bedryfsbegroting, asook van die volgende kommerwekkende faktore met verwysing na die ingeslote kontantvloeistaat vir die huidige sowel as die daaropvolgende vier finansiële jare:
 - (i) die risikofaktor vir kontantdekking vir bedryfsuitgawes wat in jaar 4 en jaar 5 laer daal as die norm wat tussen 4 en 2 behoort te wees;
 - (ii) die verwagte bedryfstekorte vir 2015/16, 2016/17 en 2017/18 wat onderskeidelik -R 27 864 488, -R 18 509 823 en -R 37 803 035 sal beloop;
- (n) Dat die Direkteur: Finansiële Dienste voldoen aan die vereistes van die begrotings-dokumentasie ten opsigte van verslagdoening aan die Provinsiale- en Nasionale Tesourie.

7.3/...

7.3 VOORLEGGING VAN 'N VOORLOPIGE 2015/2016 DIENSLEWERINGS- EN BEGROTINGSIMPLEMENTERINGSPLAN (SDBIP) (2/1/4/4/1)

Die Dienslewerings- en Begrotingsimplementeringsplan (SDBIP) moet ingevolge artikel 53 van die MFMA binne 28 dae na die goedkeuring van die jaarlikse begroting in Mei deur die burgemeester goedgekeur word.

In 'n omsendskrywe ontvang vanaf die Provinsiale Tesourie word egter versoek dat 'n konsep SDBIP saam met die begrotingsdokumente aan die Raad voorgelê word, wanneer die begroting einde Maart deur die Raad oorweeg word.

Die voorlopige SDBIP is apart tot die sakelys gesirkuleer.

BESLUIT

Dat die aangehegte 2015/2016 Dienslewerings- en Begrotingsimplementeringsplan (SDBIP) as 'n voorlopige dokument goedgekeur word vir die doeleindes van beoordeling van die begroting deur Nasionale en Provinsiale Tesourie.

7.4 SLEUTELPRESTASIE-AANWYSERS (KPI'S) EN TEIKENS VIR 2015/2016 (2/1/4/4/1)

Die Munisipale Beplanning- en Prestasiebestuursregulasies, 2011 bepaal dat 'n munisipaliteit sy sleutelprestasie-aanwysers jaarliks moet hersien. Die regulasies bepaal verder dat wanneer 'n munisipaliteit sy GOP wysig, die munisipaliteit dan ook die sleutelprestasie-aanwysers wat deur so 'n wysiging geraak word, moet wysig.

Die jaarlikse oudit wat in 2014 deur die Ouditeur-Generaal gedoen is, het ook bepaalde leemtes in die sleutelprestasie-aanwysers en teikens uitgewys wat wysigings genoodsaak het.

BESLUIT (vir voorlegging aan die Raad op 26 Maart 2015)

- (a) Dat die aangehegte sleutelprestasie-aanwysers (KPI's) en teikens as konsep goedgekeur word vir die doeleindes van publieke insette en kommentaar;
- (b) Dat die KPI's en teikens saam met die konsep hersiening van die GOP in April 2015 geadverteer word.

7.5 VERSLAG VAN DIE OUDITEUR-GENERAAL OOR DIE FINANSIËLE STATE EN PRESTASIE INLIGTING VAN SWARTLAND MUNISIPALITEIT VIR DIE JAAR GEËINDIG 31 DESEMBER 2014 (5/16/1/2)

Swartland Munisipaliteit kon weereens daarin slaag om vir die vierde agtereenvolgende jaar 'n skoon oudit te verkry.

Die Uitvoerende Burgemeester maan daarteen dat 'n skoon oudit nie noodwendig 'n administrasie wat vry is van korrupsie beteken nie, maar dat deurlopend daarna gestreef word om hoë standaarde te stel.

Die finale geouditeerde finansiële state vir die 2013/2014 finansiële jaar is op die webwerf beskikbaar.

BESLUIT

Dat die verslag van die Ouditeur-Generaal vir die jaar geëindig 30 Junie 2014 goedgekeur word.

7.6/...

7.6 NOTULE VAN DIE MUNISIPALE PRESTASIE-, RISIKO- EN FINANSIËLE OUDIT-KOMITEEVERGADERING GEHOU OP 4 DESEMBER 2014, ASOOK DIE HALFJAARLIKSE VERSLAG VAN DIE KOMITEE VIR DIE TYDPERK GEËINDIG 31 DESEMBER 2014 (11/1/3/1/7)

Die notule van die Munisipale Ouditkomitee gehou op 4 Desember 2014, sowel as die halfjaarlikse verslag van die komitee vir die tydperk geëindig 31 Desember 2014 is met die sakelys gesirkuleer.

Daar is egter geen aanbevelings waaroor 'n besluit geneem moet word nie.

BESLUIT

Dat kennis geneem word van die notule van die Munisipale Prestasie-, Risiko- en Finansiële Ouditkomitee se vergadering van 4 Desember 2014, asook die halfjaarlikse verslag van die Komitee vir die tydperk geëindig 31 Desember 2014.

7.7 VEILING VAN ONROERENDE EIENDOMME: PIET RETIEF- EN AMANDELRUG-STRATE, MALMESBURY (12/2/B)

Die openbare veiling waarop die woning geleë te Piet Retiefstraat 24, Malmesbury asook twee erwe (groot 567m²) in Amandelrugstraat te koop aangebied is, het op Vrydag, 27 Februarie 2015 plaasgevind.

'n Totaal van 16 bidders het vir die veiling geregistreer as potensiële kopers.

BESLUIT (vir voorlegging aan die Raad op 26 Maart 2015)

Aangesien volmag op 27 November 2014 deur die Raad aan die Uitvoerende Burgemeesterskomitee verleen is om binne 21 dae na afloop van die veiling die aanbiedings wat ontvang is vir die onderskeie erwe te oorweeg vir aanvaarding al dan nie:-

- (a) Dat die aanbiedinge wat ten tyde van die openbare veiling gehou op 27 Februarie 2015 ontvang is, soos volg aanvaar word:
- vir die woning in Piet Retiefstraat 24, Malmesbury (restant erf 375): R620 000,00 BTW uitgesluit
 - vir erf 11285: R200 000,00 BTW uitgesluit
 - vir erf 11286: R240 000,00 BTW uitgesluit
- (b) Dat die verkoopprijs (R620 000,00) vir die woning, wat minder beloop as die reserweprijs (R810 000,00) wat deur die Raad vasgestel is, vir die volgende redes goedgekeur word (vir kondonering deur die Raad op 26 Maart 2015):
- die huis, sedert dit gewaardeer is, aansienlik agteruit gegaan het, en tans nie in 'n leefbare toestand is nie;
 - dit onwaarskynlik is dat die Raad, indien die verkope nie realiseer nie, 'n gewillige huurder sou vind, vanweë die feit dat die woning onleefbaar is en teen hoë koste opgradeer sal moet word;
 - die verkoopprijs geag word billike markwaarde te reflekteer, as synde die bedrag wat 'n gewillige koper bereid sou wees om vir die eiendom in sy huidige toestand te betaal en wat vir die Raad as gewillige verkoper aanvaarbaar sou wees.
- (c) Dat goedkeuring verleen word aan die raadsprokureurs om die drie verkoop-ooreenkomste in een dokument te konsolideer, ten einde vir die koper aan oordrags-kostes te bespaar;
- (d) Dat volmag aan die Direkteur: Korporatiewe Dienste verleen word om die verkoop-ooreenkomste mag onderteken namens die Raad, ten einde die transaksie te volvoer.

Besluit verder/...

7.7/...

BESLUIT VERDER

- (e) Dat kennis geneem word van die kennisgewing rakende beweerde skending van sy grondwetlike regte wat van mnr Derrick Grootboom ontvang is, en dat die raadsprokureur se advies in hierdie verband gevolg word, te wete om nie daarop te reageer nie.

7.8 VOORGESTELDE VERHURING VAN NYWERHEIDSGROND TE MOORREESBURG VIR AKKERBOUDOELEINDES (12/2/5/5-9/2)

'n Gedeelte van erf 1133 (groot 17,7ha), Moorreesburg is gedurende 2013/14 in nywerheidspersoneel omskep om dit per openbare veiling aan te bied, sonder enige sukses.

Die gebruik van die voormalige Moorreesburg Munisipaliteit was om hierdie betrokke gedeelte grond vir saaidoeleindes beskikbaar te stel, waarvan die opbrengs aangewend was ten behoeve van die Koringbedryf Museum.

'n Versoek in hierdie verband is nou weer ontvang, en word voorgestel dat 'n openbare deelnameproses deurloop word om die grond vir akkerbou-doeleindes beskikbaar te stel.

BESLUIT

- (a) Dat goedkeuring verleen word dat voorstelle ingewin word vir die verhuring van 'n gedeelte (groot ± 17.7 ha van erf 1133, Moorreesburg vir 'n periode wat nie twaalf maande oorskry nie;
- (b) Dat voorstelle ingewin word op die basis en voorwaardes soos vervat in die konsep kennisgewing in Aanhangsel A tot die verslag;
- (c) Dat daar gepoog word om in oorlegpleging met die Direkoraat Ontwikkelingsdienste (Afdeling Beplanning) 'n sinvolle oplossing te vind rakende die verwydering al dan nie van die erfpenne wat reeds vir die sewe erwe in fase 1 van die ontwikkeling ingekap is;
- (d) Dat die Munisipale Bestuurder met volmag bekleed word om 'n komitee aan te wys om die voorstelle wat ontvang word te oorweeg en 'n toekenning te maak in oorlegpleging met die betrokke wyksraadslid, sowel as die Uitvoerende Burgemeesterskomiteelid van Moorreesburg;
- (e) Dat 'n huurooreenkoms, soortgelyk aan die huurooreenkoms wat ten opsigte van die Darling-kampe gesluit is, met die suksesvolle tenderaar aangegaan sal word;
- (f) Dat die verhuring van die grond op die wyse soos aanbeveel in hierdie verslag, in heroorweging geneem sal word gedurende Maart 2016.

7.9 HUUROOREENKOMS: ATC SOUTH AFRICAN (nms CELL C) (15/4/6)

Die Raad verhuur spasie op die munisipale watertoring te Wesbank aan ATC South Africa nms Cell C vir doeleindes van 'n telekommunikasienetwerk.

Die huurooreenkoms is vir 'n termyn van 9 jaar en 11 maande, wat verstryk op 31 Mei 2015.

BESLUIT

- (a) Dat spasie op die munisipale watertoring te Wesbank vir 'n verdere termyn van 5 jaar aan ATC South Africa verhuur word vir die lewering van 'n telekommunikasienetwerk met ingang van 1 Junie 2015 met 'n opsie van 'n verder termyn van 5 jaar daarna;

7.9/...

- (b) Dat die Raad se voorneme in die pers bekend gemaak word in terme van sy Verordening insake die Bestuur en Administrasie van Onroerende Eiendom;
- (c) Dat die huurgeld jaarliks met 8% eskaleer in terme van die bestaande huurkontrak;
- (d) Dat die huurder verantwoordelik sal wees vir die betaling van die advertensiekostes;
- (e) Dat die huidige huurvoorwaardes van krag sal bly.

7.10 VERHURING VAN GEDEELTE VAN ERF 301, ABBOTSDALE AAN CENCE AND U-GROW RURAL (17/9/2/R)

Verteenwoordigers van *Cence and U-Grow Rural* het 'n voorlegging aan die Uitvoerende Burgemeesterskomitee op 14 Augustus 2014 gedoen aangaande die huur van erf 301, geleë te Boltneystraat, Abbotsdale vir die daarstel van 'n vaardighedsontwikkelingsentrum vir plaaswerkers.

Opdrag is gegee om in gesprek te tree met *Cence and U-Grow Rural* om die lewensvatbaarheid van die projek te toets, sowel as om die voorgenome uit-die-hand-verhuring en ontwikkeling van die eiendom te adverteer vir publieke kommentaar/beswaar.

Na die sluitingsdatum vir kommentaar/besware op 13 Februarie 2015 is geen reaksie ontvang nie.

BESLUIT

- (a) Dat goedkeuring in beginsel verleen word dat 'n langtermyn huurooreenkoms met *Cence and U-Grow Rural* met betrekking tot 'n gedeelte van erf 301 (groot ±1,35 Ha) in Boltneystraat, Abbotsdale, soos aangetoon op Aanhangsel B tot hierdie verslag gesluit word, vir die vestiging van 'n bemagtigingsentrum ("enabling centre") wat in breë trekke ooreenstem met die uitlegplan soos voorsien in Aanhangsel D tot hierdie verslag;
- (b) Dat die voorwaardes van verhuring, ingesluit die termyn en gesubsidieerde jaarlikse huurgeld, met die aansoekers gefinaliseer sal word, om weer aan die komitee vir finale bekragtiging voorgelê te word, welke voorwaardes ten minste sal insluit:
 - (i) dat die ontwikkeling op die perseel 'n aanvang moet neem binne een jaar na datum van inwerkingtreding van die huurooreenkoms, of binne sodanige verlengde tydperk wat redelikerwys nodig geag word, by gebreke waartoe die ooreenkoms sal verstryk;
 - (ii) dat die grond die Raad weer sal toeval sou die eiendom nie langer as bemagtiging-sentrum gebruik word nie of die ooreenkoms vir welke rede ookal gekanselleer sou word, in welke geval geen kompensasie vir enige verbeterings op die eiendom deur die Raad betaalbaar sal wees nie;
 - (iii) dat die huurder vir die betaling van dienste wat op die perseel verbruik word, verantwoordelik sal wees;
- (c) Dat die huurder verantwoordelik sal wees vir alle kostes wat met die transaksie verband hou, wat insluit die kostes verbonde aan die opstel van 'n huurooreenkoms, advertensiekostes, asook kostes wat met grondgebruiksaspekte (bv. hersonering) verband mag hou;
- (d) Dat die huurders skriftelik bevestig dat die bogemelde voorwaardes aanvaar word.

7.11/...

7.11 UIT-DIE-HAND-VERVREEMDING VAN 'N GEDEELTE NYWERHEIDSGROND (ERF 1401) TE DARLING AAN VASLOMARK (EDMS) BPK (DARLING BREW) (12/2/5/5-3/1)

Die Raad het op 29 Januarie 2015 in-beginselgoedkeuring verleen vir die uit-die-hand-vervreemding van 'n gedeelte (groot, $\pm 3\ 935\text{m}^2$) van erf 1401, Darling aan Darling Brew.

Volmag is aan die Munisipale Bestuurder verleen om, vir bekragtiging deur die Uitvoerende Burgemeesterskomitee, die verkoopprijs vir die grond te mag onderhandel met die voornemende koper.

Tydens die onderhandelinge is daar ooreengekom op 'n verkoopprijs ten bedrae van R180 000,00 (BTW uitgesluit), d.i. R45,00/m² bereken soos volg:

- R40,00 per m² (gebaseer op die verkoopprijs van 'n ongedienste gedeelte grond wat in die proses van vervreemding is aan Darling Romery in Darling, eskalasië sedert 2012 ingesluit) plus
- R5,00/m² rougrondwaarde. Die onderskeidende kenmerk hier is dat die grond wat aan Darling Romery vervreem is, nie aan enige ander party vervreem kon word nie en openbare mededinging in daardie geval geen doel sou dien nie.

BESLUIT

- (a) Dat die verkoopprijs ten bedrae van R180 000,00 (BTW uitgesluit) wat deur die Munisipale Bestuurder, in oorlegpleging met die Uitvoerende Burgemeester met Vaslomarck (Edms) Bpk (*Darling Brew*) beding is vir die vervreemding van 'n gedeelte van erf 1401, Darling, deur die komitee gekondoneer word, en volmag aan die Direkteur: Korporatiewe Dienste verleen word om die transaksie te mag volvoer indien daar geen publieke kommentaar en/of beswaar teen die voorgenome vervreemding teen 20 Maart 2015 ontvang word nie;
- (b) Dat indien daar wel kommentaar en/of beswaar teen die voorgenome vervreemding ontvang word, dit vir oorweging/afhandeling na die volle Raad verwys sal word.

7.12 VOORGESTELDE VERHURING VAN PERSONEELWONINGS IN YZERFONTEIN AAN EKSTERNE PARTYE (12/1/3/2)

Die Munisipaliteit beskik oor agt werkershuise in Yzerfontein, waarvan drie tans vakant is.

Die meeste munisipale werknemers wat in Yzerfontein werksaam is, pendel vanaf Darling, en daar is tans nie behoefte onder die bestaande personeel om van die vakante wonings te betrek nie. Slegs een persoon op die personeel-waglys, te wete mnr A Beukes, Ondersoeker van Voertuie in Malmesbury, het aangedui dat hy belang sou stel om een van die huise te huur.

BESLUIT

- (a) Dat goedkeuring verleen word vir die uit-die-handverhuring van die werkershuise in Yzerfontein soos volg:
 - Huis no. 7 aan die persoon in diens van Yzerfontein Armed Response;
 - Huis no. 5 aan me Elizabeth Aysley van die Weskus Distriksmunisipaliteit
- (b) Dat die huurgeld vasgestel word op R950,00 per maand, wat markverwant geag word, om jaarliks met 6% te eskaleer;
- (c) Dat, ingevolge die Beleid insake die Bestuur en Administrasie van Onroerende Eiendom [klousule 4(ii)] 'n deposito gelykstaande aan een maand se huur van die betrokkenes verhaal word;

7.12/...

- (d) Dat die voorwaardes van verhuur vir doeleindes van 'n huurooreenkoms in beide gevalle met volmag deur die Direkteur: Korporatiewe Dienste afgehandel sal word;
- (e) Dat die huurooreenkoms wat met oorlede met mnr Tango in plek was, op dieselfde voorwaardes met me Hendrika Tango verleng word vir 'n periode wat nie een jaar sal oorskry nie;
- (f) Dat kennis geneem word dat Huis no. 1 ingevolge die Munisipaliteit se personeel-woningbeleid aan mnr A Beukes toegeken sal word;
- (g) Dat volmag aan die Munisipale Bestuurder verleen word om, indien enige van die wonings in die toekoms vakant sou raak, 'n toekenning te mag maak aan eksterne persone indien daar nie belangstelling onder personeel sou wees nie.

7.13 SONDEZA AFRI-JEUG INISIATIEF: EVALUERINGSVERSLAG, 2014 (17/2/2/1)

Die Evalueringsverslag van die 11^{de} Sondeza Afri-Jeug Inisiatief soos opgestel deur die Kampkoördineerder, me Ilse Loock is met die sakelys gesirkuleer.

Die Uitvoerende Burgemeester bedank die organiseerders van die kamp en noem dat alhoewel die waarde wat deur hierdie inisiatief toegevoeg word nie altyd gemeet kan word nie, dit belangrik is vir die ontwikkeling van die jeug van die streek.

BESLUIT

Dat kennis geneem word van die Evalueringsverslag van die 11ste Sondeza Afri-Jeug Inisiatief wat vanaf 5 tot 14 Desember 2014 te Ganzekraal plaasgevind het.

7.14 (A) UITRUILSTUDENT, DUITSLAND; (2) SONDEZA KAMP, DATUM 2015; (3) SONDEZA/ABSA STUDIEBEURS, 2014/15 (17/2/2/1)

Me Jonique Smit is in Desember 2014 aangestel as uitruilstudent na die Kiez-Kampus in Duitsland.

'n Skrywe gedateer 28 Januarie 2015 is egter vanaf Kiez Güntersberge ontvang waarin meegedeel word dat hul nie 'n student vir 2015 kan huisves nie.

Me Smit sal dus vir 'n jaar by die Munisipaliteit werksaam wees en aangewend word in afdelings waar sy waarde kan toevoeg. Tans help sy uit in die Malmesbury Toerismekantoor.

Die verslag tot die sakelys bevat ook die verslag van me G Onverwacht, die vorige uitruilstudent, aangaande haar termyn in Duitsland.

BESLUIT

Dat kennis geneem word –

- (a) dat die nuwe student, J Smit haar jaar by die munisipaliteit sal spandeer en nie na Duitsland sal vertrek nie;
- (b) van die verslag van G Onverwacht wat pas vanaf Duitsland teruggekeer het;
- (c) dat die Sondeza kamp sal plaasvind vanaf 4 tot 13 Desember 2015; en
- (d) dat daar een kandidaat tans op die Sondeza/Absa beurskema is.

7.15 ALGEMENE JAARVERGADERING: KAAPSE PENSIOENFONDS, AANWYSING VAN AFGEVAARDIGDES (11/1/2/5)

Die 31^{ste} Algemene Jaarvergadering van die Kaapse Pensioenfonds vind plaas op Vrydag, 29 Mei 2015.

Besluit/...

7.15/...

BESLUIT

- (a) Dat kennis geneem word dat mnr A Zaayman genomineer is om die lede te verteenwoordig by die Algemene Jaarvergadering van die Pensioenfonds op 29 Mei 2015;
- (b) Dat Raadslid R F van der Westhuizen genomineer word om die Raad by die vergadering te verteenwoordig.

7.16 UITSTAANDE DEBITEURE: FEBRUARIE 2015 (5/7/1/1)

'n Volledige verslag van die stand van uitstaande debiteure is met die sakelys gesirkuleer.

BESLUIT

Dat kennis geneem word van die verslag aangaande die stand van uitstaande debiteure vir die maand van Februarie 2015.

7.17 UITSTAANDE VERSEKERINGSEISE (5/14/3/5)

Ingevolge die Batebestuursbeleid moet maandeliks verslag gedoen word insake die uitstaande versekeringseise.

BESLUIT

Dat kennis geneem word van die stand van uitstaande versekeringseise soos met die sakelys gesirkuleer.

7.18 DIE GEBRUIK VAN DIE VERKEERSTOETSBANE DEUR BESTUURSKOLE EN PUBLIEK (17/6/B)

Gedurende Maart 2013 het die Departement van Vervoer per omsendskrywe opdrag gegee dat alle verkeerstoetsterreine slegs gebruik mag word vir die praktiese aflê van die toets om 'n bestuurslisensie te bekom.

Hierdie opdrag impliseer dat die verkeerstoetsbane in Malmesbury en Moorreesburg nie gebruik mag word deur die publiek en bestuurskole om leerlingbestuurders te laat oefen nie.

Swartland Munisipaliteit het voortgegaan om die publiek en bestuurskole op die toetsbane toe te laat, maar onlangse inspeksieverslae vanaf die Departement van Vervoer ten opsigte van die nie-voldoening aan voorskrifte het 'n negatiewe invloed op die Munisipaliteit se prestasie, wat noodsaak dat die praktyk gestaak moet word.

BESLUIT

- (a) Dat kennis geneem word van die inhoud van die verslag, veral ten opsigte van die toegewing wat gemaak sal word dat die publiek en bestuurskole die verkeerstoetsterreine as oefenbane mag gebruik tot 30 April 2015;
- (b) Dat kennis geneem word dat die verkeerstoetsbane te Malmesbury en Moorreesburg vanaf 1 Mei 2015 as oefenbane gesluit sal wees vir die publiek en bestuurskole om sodoende gehoor te gee aan die voorskrifte van die Departement van Vervoer;
- (c) Dat kennis geneem word dat daar reeds gesprekke was met die bestuurskole oor hierdie besluit en dat die breë publiek via die nuusmedia van die besluit in kennis gestel sal word.

7.19/...

7.19 **MUNISIPALE BEHUISINGSPYPLYN INGEVOLGE DIE RAAD SE MENSLIKE NEDERSETTINGSPLAN (17/4/2/B)**

Die Uitvoerende Burgemeesterskomitee het op 21 Mei 2014 die Raad se Menslike Nedersettingsplan goedgekeur waarvan die Behuisingspyplyn as aanhangsel dien.

Die DORA-toekenning vir die volgende drie jaar is as volg, en sal die Behuisingspyplyn dienooreenskomstig aangepas moet word:

- 2015/16 : R33 505 000 (aanvanklike toekenning : R33 630 000)
- 2016/17 : R27 170 000 (aanvanklike toekenning : R55 400 000)
- 2017/18 : R35 100 000 (aanvanklike toekenning : R63 738 000)

Die aangepaste Behuisingspyplyn vir 2014/15 tot 2020/21 finansiële jare is met die sakelys gesirkuleer.

BESLUIT

- (a) Dat die aangepaste Behuisingspyplyn, soos voorgelê, aanvaar word;
- (b) Dat die uitvoering van die projekte soos voorgestel in die plan onderworpe is aan die beskikbaarheid van fondse en grootmaatsdienste binne die onderskeie dorpe en indien addisionele fondse nie beskikbaar is nie, projekte moontlik aangeskuif kan word na die volgende finansiële jare;
- (c) Dat die Munisipaliteit tans in onderhandeling is met die "*Housing Development Agency*" rondom die oordra van 'n gedeelte grond van die plaas, Michiel Heynse Kraal in Chatsworth na die Munisipaliteit, en indien suksesvol, daar gepoog sal word om die Chatsworth Behuisingsprojek voor einde Junie 2015 af te handel;
- (d) Dat kennis geneem word dat daar 'n aanvang gemaak is met Fase 1 van die Phola Park/llinge Lethu (UISP) projek, asook die Phola Park (PHP) projek.

7.20 **AANSOEK VIR DIE ONDERVERDELING EN AFWYKING OP ERF 545, RIEBEEK-WES (15/3/6-12, 15/3/4-12) (WYK 3)**

'n Aansoek is ontvang vanaf die eienaar, A J Dippenaar, vir die onderverdeling van erf 545 (groot 1151m²), geleë te Dennehofstraat, Riebeek-Wes in 'n restant (±575m²) en gedeelte A (±575,5m²).

Aansoek word verder gedoen vir 'n afwyking ten einde af te wyk van die 1,5m syboulyne na 0m op die gemeenskaplike sygrens tussen die restant en gedeelte A onderskeidelik ten einde 'n skakelhuis op te rig.

BESLUIT

- A Dat die aansoek die onderverdeling van erf 545 (groot 1151m²), geleë te Dennehofstraat, Riebeek-Wes, ingevolge artikel 25(1) van Ordonnansie 15 van 1985 goedgekeur word, onderhewig aan die volgende voorwaardes:

A1 STADSBEPLANNING EN BOUBEHEER

- (a) dat erf 545 onderverdeel word in die restant (groot ±575,5m²) en gedeelte A (groot ±575,5m²),
- (b) dat die geboue op die restant en nuutgeskepte erf 'n enkele argitektoniese eenheid skep wat die karakter van die omliggende woonhuise komplimenteer;
- (c) dat die onderverdeling ingevolge artikel 27(1) van Ordonnansie 15 van 1985 vir 'n tydperk van 5 jaar geldig is;
- (d) dat die beswaarmakers op hul reg tot appèl per geregistreerde pos gewys word;

7.20/...

A2 WATER

- (a) dat elke onderverdeelde gedeelte van 'n aparte wateraansluiting voorsien word. Hierdie voorwaarde is van toepassing op bouplanstadium;

A3 RIOOL

- (a) dat elke onderverdeelde gedeelte van 'n aparte riooluitsuigtenk voorsien word. Hierdie voorwaarde is van toepassing op bouplanstadium;

A4 VULLISVERWYDERING

- (a) dat die basiese vullisverwyderingstarief vir elke beboude sowel as onbeboude erf gehef word, asook vir elke wooneenheid op die perseel;
- (b) dat die vullis in swartsakke op die naaste munisipale sypaadjie op oggend van verwydering geplaas word;

A5 ESKOM

- (a) dat indien die voorgestelde onderverdeling veroorsaak dat enige Eskom dienste verskuif moet word sal die koste daaraan verbonde vir die rekening van die eienaar/ontwikkelaar wees;
- (b) dat die oprigting van enige struktuur binne 9m van 'n Eskom kraglyn verbode is;
- (c) dat die eienaar/ontwikkelaar verantwoordelik is vir die kragtoevoer na die onderverdeelde perseel;

A6 KAPITAALBYDRAE

- (a) dat die eienaar/ontwikkelaar kennis neem van die kapitaalbydrae vir die grootmaat voorsiening van streekswater ten bedrae van R7 556.50 (R10 795--80 x faktor 0.7 vir med digtheid). Hierdie kapitaalbydrae is betaalbaar aan Swartland Munisipaliteit op uitklaringstadium. Hierdie bedrag is geldig vir die finansiële jaar van 2014/2015 en kan daarna hersien word en is betaalbaar teen posnommer 50-80-75-72-7990;
- (b) dat die vaste kapitaalbydrae t.o.v. paaie ten bedrae van R8 140.74 per nuutgeskepte gedeelte aan hierdie munisipaliteit op uitklaringstadium gemaak word. Hierdie bedrag is betaalbaar teen posnommer 71-82-86-00-6210 en is geldig vir die finansiële jaar van 2014/2015 en kan hierna hersien word;
- (c) dat die vaste kapitaalbydrae t.o.v. stormwater ten bedrae van R4 156.44 per nuutgeskepte gedeelte aan hierdie munisipaliteit op uitklaringstadium gemaak word. Hierdie bedrag is betaalbaar teen posnommer 71-82-86-00-6200 en is geldig vir die finansiële jaar van 2014/2015 en kan hierna hersien word;
- (d) dat die vaste kapitaalbydrae t.o.v water ten bedrae van R11 305.38 per nuutgeskepte gedeelte aan hierdie munisipaliteit op uitklaringstadium gemaak word. Hierdie bedrag is betaalbaar teen posnommer 77-92-86-00-6200 en is geldig vir die finansiële jaar van 2014/2015 en kan hierna hersien word;
- (e) dat die vaste kapitaalbydrae t.o.v. riool ten bedrae van R6 775.02 per nuutgeskepte gedeelte aan hierdie munisipaliteit op uitklaringstadium gemaak word. Hierdie bedrag is betaalbaar teen posnommer 59-76-86-00-6200 en is geldig vir die finansiële jaar van 2014/2015 en kan hierna hersien word;
- (f) dat die vaste kapitaalbydrae t.o.v. afvalwater behandeling ten bedrae van R7 182.00 per nuutgeskepte gedeelte aan hierdie munisipaliteit op uitklaringstadium gemaak word. Hierdie bedrag is betaalbaar teen posnommer 59-76-86-00-6220 en is geldig vir die finansiële jaar van 2014/2015 en kan hierna hersien word;

7.20(A6)/...

- (g) dat ingevolge die Raadsbesluit gedateer Mei 2014 daar 'n 50% korting is op die kapitaalbydraes van toepassing op Swartland Munisipaliteit. Hierdie korting is geldig vir die finansiële jaar van 2014/2015 en kan hierna hersien word;

A7 ALGEMEEN

- (a) dat indien dit nodig sou wees om enige bestaande dienste uit te brei ten einde die onderverdeelde gedeeltes van diensaansluitings te kan voorsien, dit vir die koste van die eienaar/ontwikkelaar sal wees;
 - (b) dat enige bestaande dienste wat die restant en die onderverdeelde gedeeltes aan mekaar koppel, verskuif en/of ontkoppel word sodat elke erf se loodgieterswerk op die betrokke erf geleë is;
 - (c) dat die wetlike sertifikaat wat oordrag van enige onderverdeelde gedeeltes ingevolge Artikel 31 van Ordonnansie 15/1985 magtig, nie uitgereik sal word alvorens daar aan die relevante voorwaardes voldoen is nie;
- B Dat die aansoek vir 'n afwyking ten einde af te wyk van die 1,5m syboulyne na 0m op die gemeenskaplike sygrens tussen die restant en gedeelte A onderskeidelik, ten einde 'n skakelhuis op te rig, ingevolge artikel 15(1)(b) van Ordonnansie 15 van 1985 goedgekeur word;
- C Dat die volgende redes vir die goedkeuring van die voorgestelde onderverdeling en afwyking aangevoer word:
- (a) die voorgestelde erf groottes voldoen aan die Raadsbesluit rakende die minimum erf groottes vir enkelwoonsonne erwe in die Swartland Munisipale area gedateer 6 Desember 2013;
 - (b) die onderverdeling bevorder verdigting wat deur provinsiale en plaaslike owerheidsfere ondersteun word;
 - (c) die voorgestelde skakelhuis het die effek dat die geboue 'n enkele argitektoniese eenheid skep, wat bevorderlik is vir die karakter van die omliggende woonhuise en woonbuurte.

7.21 SWARTLAND MUNICIPALITY: CONTINGENCY MEASURES FOR PROLONGED POWER OUTAGES (17/5/B)

'n Versoek is ontvang vanaf die Hoof van die Wes-Kaapse Departement van Plaaslike Regering, dr Hildegard Fast dat munisipaliteite 'n gebeurlikheidsplan opstel om voorsiening te maak vir 'n langdurige kragonderbreking van tot twee weke lank.

BESLUIT

- (a) Dat kennis geneem word van die konsep "Contingency Measures for Prolonged Power Outages" soos voorgeskryf deur die Wes-Kaapse Departement van Plaaslike Regering;
- (b) Dat die konsep "Contingency Measures for Prolonged Power Outages" saamgelees word met die (1) "Swartland Business Continuity and Recovery Plan" en die (2) "Core Municipal Disaster Management Plan";
- (c) Dat goedkeuring verleen word vir die implementering van die "Contingency Measures for Prolonged Power Outages" in samewerking met die "Swartland Business Continuity and Recovery Plan" en die "Core Municipal Disaster Management Plan" in die geval van 'n langdurige kragonderbreking van meer as 24 uur en 'n totale verlies aan sinkronisering van die kragnetwerk as resultaat daarvan.

7.22/...

7.22 KONSEP LANGTERMYN FINANSIËLE PLAN (2014/2015-2018/2019)

Die Langtermyn Finansiële Plan word beskou as een van die belangrikste planne van die Munisipaliteit. Die plan is nie slegs daarop gerig om verskeie beplanningsdokumente te inkorporeer nie, maar beoog om die Raad en Bestuur by te staan om ingeligte besluite te neem aangaande die lewering van basiese dienste en die befondsing van kapitaalprogramme.

BESLUIT

Dat kennis geneem word van die volgende strategieë wat in die Langtermyn Finansiële Plan beslag moet kry:

- (a) 'n Strategie moet ontwikkel word om die infrastruktuur agterstande en behuisingstekort uit te wis (afdelings 2 en 3);
- (b) 'n Strategie moet ontwikkel word om te verseker dat die BBP-groei in lyn bly met die snelle bevolkingsgroei. Die toename in die werkloosheidsyfer moet ook aangespreek word (afdeling 3);
- (c) Die tendens in wins persentasie afgelei van elektrisiteit moet hersien word deur die hersiening van tariefstrukture en/of die instelling van koste besnoeiing maatreëls. Die moontlike afname in lynverliese (wat alreeds baie laag is) of interne verbruik kan ondersoek word (afdeling 4.2.1);
- (d) Waterdienste word tans bedryf teen 'n verlies wat beteken dat die tariewe nie koste reflektief is nie. Die totale tariefstruktuur van water moet hersien word. Bloktariewe en 'n basiese heffing (wat nie tans gehef word nie) is van die alternatiewe wat oorweeg kan word. Daar moet kennis geneem word dat die heffings t.o.v. water deur Swartland Munisipaliteit baie laer is as die van sy eweknieë. Daarom is daar ruimte beskikbaar om watertariewe te verhoog tot 'n vlak wat aanvaarbaar is in vergelyking met ander groot munisipaliteite (afdeling 4.2.2);
- (e) 'n Ondersoek moet ingestel word waarom die invorderingskoers t.o.v. boetes so laag is in vergelyking met ander munisipaliteite. Toepaslike maatreëls moet ingestel word om die invorderingskoers te verbeter (afdeling 4.4);
- (f) Verdere stygings in werknemer verwante koste, bo en behalwe die huidige vlakke, moet bestuur word om te verseker dat hierdie groot lynitem binne die vasgestelde perke bly (afdeling 5.1);
- (g) Die kapitaalprogram (en bronne van finansiering) moet hersien word om te verseker dat dit nie 'n negatiewe impak op die volhoubaarheid van die Munisipaliteit het nie. Alternatiewe wat ondersoek kan word sluit in –
 - meer lenings moet uitgeneem word om die program te finansier. Hierdie sal aanleiding gee tot 'n verdere studie aangaande die vlakke van eksterne finansiering wat die munisipaliteit sal kan bekostig (afdeling 9);
 - besnoei op bedryfsuitgawes en/of verhoog interne inkomste bronne;
 - ondersoek verdere moontlikhede om meer/groter toelaes te ontvang (onthou dat die addisionele onderhoudsuitgawe steeds die verantwoordelikheid van die munisipaliteit sal wees, al word addisionele verkryging deur eksterne bronne gefinansier; en/of
 - verminder die kapitaalprogram om te verseker dat dit bekostigbaar is binne die beperkings van die huidige struktuur waarbinne die Munisipaliteit opereer;
 - dit is 'n groot bekommernis op hierdie stadium dat in 'n poging om aan voormelde te voldoen, daar baie min voorsiening gemaak is vir die vervanging van roerende bates soos vullisvragmotors, rioolvragmotors, motorvoertuie en ander toerusting;

7.22/...

- (h) Strategieë moet ingestel word om die gemiddelde leeftyd van bates te verhoog. Strategieë kan die volgende insluit (afdeling 8):
- verseker dat voldoende fondse beskikbaar is vir die onderhoud van bates (d.i. herstel en onderhoud);
 - verseker dat voldoende toekennings gemaak word aan die hernuwing/vervanging van bates op vlakke wat deur die munisipaliteit bepaal moet word. Die hernuwing/vervangingsprogram wat toegepas word moet verseker dat die gemiddelde leeftyd van bates verleng word;
 - dit is baie moeilik om voorsiening te maak vir die onderhoud van bates met die afname van bronne van kontant wat ondervind word. Die Raad moet die risiko verstaan om nie sy bates te onderhou nie;
- (i) Strategieë moet ontwikkel word om die potensiële finansiële impak wat die oornome van grootmaat waterdienste vanaf die Weskus Distriksmunisipaliteit op Swartland Munisipaliteit kan hê te versag. Die huidige skuldplafon van die Munisipaliteit sal nie enige verdere wesenlike eksterne skuld kan akkommodeer nie;
- (j) Kontantvlakke moet op aanvaarbare vlakke gehou word om vir reserwes voorsiening te maak (i.e. Kapitaal Vervangings- en Werknemer Voordele Reserwes) wat in lyn is met die finansiering en reserwe beleid van die Munisipaliteit (afdeling 9).

(GET) T VAN ESSEN
UITVOERENDE BURGEMEESTER